



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

NOVEMBER 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 30

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gehoor	(10)
AFDELING B: Herkenning	(12)
AFDELING C: Vorm	(8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is verpligtend.
3. Beantwoord VRAAG 4 (Westerse Kunsmusiek (WKM)) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)).
4. Skryf al jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl die kandidate na 'n CD luister.
6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag hierdie bladsy verwijder.
8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen nie toegang tot enige musiekinstrument hê nie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKAPPARAAT WERK

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuitreksel (snit) moet die getal kere wat in die vraestel gespesifiseer is, gespeel word.
3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hul antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
5. Indien 'n skool meer as een stroom (Westerse Kunsmusiek (WKM), JAZZ, Inheemse Afrika-musiek (IAM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
 - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal skryf.
 - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
 - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuitreksels hê.
 - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.
 - Die snitte moet soos volg gespeel word:
 - WKM-kandidate: Snit 1–23 en Snit 40
 - JAZZ-kandidate: Snit 1–11, Snit 24–30 en Snit 40
 - IAM-kandidate: Snit 1–11 en Snit 31–40
6. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet in geval van 'n kragonderbreking beskikbaar wees.

NASIENROOSTER

AFDELING A: GEHOOR	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
VRAAG 1 (VERPLIGTEND)	5		
VRAAG 2 (VERPLIGTEND)	5		
SUBTOTAAL	10		

AFDELING B: HERKENNING	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
VRAAG 3 (VERPLIGTEND)	4		
EN			
VRAAG 4 (WKM)	8		
OF			
VRAAG 5 (JAZZ)	8		
OF			
VRAAG 6 (IAM)	8		
SUBTOTAAL	12		

AFDELING C: VORM	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
VRAAG 7 (VERPLIGTEND)	8		
SUBTOTAAL	8		

GROOTTOTAAL	30		
--------------------	-----------	--	--

Nota aan nasiener: Kandidate moet punte ontvang vir enige korrekte antwoorde wat nie in die memorandum gegee word nie.

AFDELING A: GEHOOR

VRAAG 1


Speel Snit 1 TWEE keer na mekaar.

- 1.1 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 2–3 hieronder.



Speel Snit 1 weer TWEE keer. Wag 30 sekondes tussenin.

Antwoord:



$\frac{1}{2}$ punt per pols = 3 punte

(3)

Speel Snit 2 TWEE keer na mekaar.

- 1.2 Luister na die eerste vioolparty van die uittreksel uit Haydn se *Keiserkwartet*. Vul die ontbrekende toonhoogtes, wat ooreenstem met die musiek wat jy hoor, op die gegewe partituur in.



Speel Snit 2 nog EEN keer.

Antwoord:



Korrekte notasie = 2 punte

(Minus $\frac{1}{2}$ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)

Draaisneller-simbool \sim maat 3³ aanvaarbaar

(2)

[5]

VRAAG 2

Speel Snit 3 EEN keer om 'n algemene oorsig te gee.

Luister na die uittreksel uit *Malaika*. Beantwoord die vrae wat volg.

Malaika

8 Ma - lai - ka, na ku-pen - da ma - lai - ka.
4 Ma - lai - ka na ku-pen - da ma - lai - ka.
8 Ni-nge-ku-o a ma-li - we ni-nge-ku-o a da da.
12 Na shin-dwa-na ma-li si-na- we ni-nge-ku-o a ma - lai - ka
16 Na shin - dwa - na ma - li si - na - we ni - nge - ku - o a Ma - lai - ka

Speel Snit 4 TWEE keer.

- 2.1 Luister na maat 4–7. Benoem die kadens by **2.1**.

Antwoord:

Volmaakte kadens/Voltooide kadens

*Volmaakte kadens/Voltooide kadens = 1 punt
V-I = ½ punt*

(1)

Speel Snit 5 TWEE keer.

Luister na maat 12–19.

- 2.2 Benoem die interval by **2.2**, byvoorbeeld Rein/Volmaakte 4^{de}.

Antwoord:

Majeur 6^{de}

*Majeur 6^{de} = 1 punt
6^{de} = geen punt*

(1)

- 2.3 Watter ritmiese middel word by **2.3** in maat 15 gebruik?

Antwoord:

Sinkopasie/Antisipering van die maatslag

Sinkopasie/Antisipasie van die maatslag /'Off-beat'= 1 punt

(1)

- 2.4 Skryf die noot wat op die partituur by **2.4** weggelaat is. Gebruik die korrekte nootwaarde.

Antwoord:

Notasie: (sien partituur)

Genoteerde noot = 1 punt

(1)

- 2.5 Benoem die tipe nie-akkoordnoot by **2.4**. (MOENIE die letternaam gee NIE.)

Antwoord:

Deurgangsnoot

Deurgangsnoot= 1 punt

(1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)**

Bestudeer die items in KOLOM A in VRAAG 3.1–3.6 vir twee minute.

Indien 'n kandidaat meer as twee items by 'n vraag gekies het, moet slegs die eerste twee items nagesien word.

Speel Snit 6 TWEE keer.

- 3.1 Merk TWEE items in KOLOM A wat verband hou met die musiek wat jy hoor.
Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 6
Majeur	X
Giocoso	X
Mbaqanga	
Sikliese akkoordprogressie	X
Twaalfmaat-blues	
Cool jazz	

Enige 2 = 2 punte

(2)

Speel Snit 7 TWEE keer.

- 3.2 Merk TWEE items in KOLOM A wat verband hou met die musiek wat jy hoor.
Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 7
Membranofoon	X
Adagio	
Chordofoon	
Idiofoon	X
SATB	X
Onreëlmataige maatslag	

Enige 2 = 2 punte

(2)

Speel Snit 8 TWEE keer.

- 3.3 Merk TWEE items in KOLOM A wat verband hou met die musiek wat jy hoor.
Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 8
Poliritme	
Marabi	X
Onreëlmataige ritme	
Maskandi	
Swing-ritme	X
Roep en antwoord	X

Enige 2 = 2 punte

(2)

Speel Snit 9 TWEE keer.

- 3.4 Merk TWEE items in KOLOM A wat verband hou met die musiek wat jy hoor.
Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 9
Homofonies	X
Coloratura	
Inleiding	X
Onreëlmataige maatslag	
Tranquillo	X
Harp	

Enige 2 = 2 punte

(2)

Speel Snit 10 TWEE keer.

- 3.5 Merk TWEE items in KOLOM A wat verband hou met die musiek wat jy hoor.
Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 10
Presto	X
Adagio	
Klok	X
Ratel/Skutter	X
Polifonies	
Piccolo	

Enige 2 = 2 punte

(2)

Speel Snit 11 TWEE keer.

- 3.6 Merk TWEE items in KOLOM A wat verband hou met die musiek wat jy hoor.
Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 11
Klavier	X
Molto adagio	
Vierslagmaat	
Tjello	
Drieslagmaat	X
Kontrabas	X

Enige 2 = 2 punte

(12 ÷ 3) (2)
[4]

Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).

VRAAG 4: WKM

- 4.1 Luister na die uittreksels uit *Die Towerfluit* deur Mozart en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 12 TWEE keer.

- 4.1.1 Noem die titel van die aria wat jy hoor.

Antwoord:

*Der Vogelfänger bin ich ja
Ek is die Voël vanger*

*Korrekte titel = 1 punt
(enige vertaling is aanvaarbaar)
Slegs Voël vanger = ½ punt*

(1)

- 4.1.2 Noem die orkesinstrument wat die volgende motief speel in die uittreksel wat jy hoor.



Antwoord:

Piccolo/Panfluit/ met 'n hoë toonhoogte

Piccolo/Panfluit met 'n hoë toonhoogte = 1 punt

(1)

Speel Snit 13 TWEE keer.

- 4.1.3 Watter koperblaasinstrument hoor jy in hierdie uittreksel?

Antwoord:

(Franse) horing

Korrekte antwoord = 1 punt

(1)

Speel Snit 14 EEN keer.

- 4.1.4 Met watter subgenre in operamusiek assosieer jy hierdie uittreksel?

Antwoord:

Duet/Singspiel

Duet = 1 punt

(1)

4.1.5 Noem die karakters wat in hierdie uittreksel sing.

Antwoord:

- Pamina
- Papageno

<i>Pamina</i> = 1 punt
<i>Papageno</i> = 1 punt

(2)

Speel Snit 15 TWEE keer.

4.1.6 Vergelyk die melodie wat deur die eerste sanger gesing word met dié van die tweede sanger. Noem TWEE verskille.

Antwoord:

- Melodie gesing deur sopraan en bariton/verandering van timbre
- Tweede stem klink laer (begin oktaaf laer)
- Tweede stem sing dieselfde melodie behalwe vir melodiese variasie in die tweede helfte van die frase
- Tweede stem klink harder/Dinamiese vlak van tweede sanger is harder

<i>Enige twee korrekte feite</i> = 2 punte
--

(2)

4.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 16 EEN keer.

4.2.1 Identifiseer die genre van hierdie uittreksel.

Antwoord:

Simfonie/Orkeswerk

<i>Simfonie/Orkeswerk</i> = 1 punt

(1)

Speel Snit 17 EEN keer.

4.2.2 Kies die woord wat die stemming van hierdie uittreksel die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Tranquillo	Agitato	Piacevole	Giocoso
------------	---------	-----------	---------

Antwoord:

Agitato

<i>Agitato</i> = 1 punt

(1)

Speel Snit 18 TWEE keer.

- 4.2.3 Watter EEN van die volgende uitvoeringstegnieke kom in hierdie uittreksel voor? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

<input checked="" type="checkbox"/> Tremolo	Con sordino	Morendo	Col legno
---	-------------	---------	-----------

Antwoord:

Tremolo

Tremolo = 1 punt

(1)

Speel Snit 19 TWEE keer.

- 4.2.4 Noem die hoogste houtblaasinstrument wat in hierdie uittreksel speel.

Antwoord:

Piccolo

Piccolo = 1 punt

(1)

- 4.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 20 EEN keer.

- 4.3.1 Met watter EEN van die volgende assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

<input checked="" type="checkbox"/> Mozart	Beethoven	Handel	Haydn
--	-----------	--------	-------

Antwoord:

Mozart

Mozart = 1 punt

(1)

Speel Snit 21 EEN keer.

- 4.3.2 Met watter EEN van die volgende assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

<input checked="" type="checkbox"/> Koncert-ouverture	Simfonie	Strykkwartet	Concerto
---	----------	--------------	----------

Antwoord:

Koncert-ouverture

Koncert-ouverture = 1 punt

(1)

Speel Snit 22 EEN keer.

- 4.3.3 Met watter EEN van die volgende assosieer jy hierdie uittreksel?
Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Kamermusiek	Moderne musiek	Absolute musiek	<u>Programmusiek</u>
-------------	-------------------	--------------------	----------------------

Antwoord:
Programmusiek

Programmusiek = 1 punt

(1)

Speel Snit 23 EEN keer.

- 4.4 Identifiseer die stylperiode waaruit hierdie uittreksel geneem is.

Antwoord:
Barokperiode

Barokperiode = 1 punt

(16 ÷ 2) (1)

[8] [8]

TOTAAL AFDELING B: 12

OF

VRAAG 5: JAZZ

5.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 24 EEN keer.

- 5.1.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse jazz-styl. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Cape jazz	Marabi	Moderne jazz
-----------	--------	--------------

Antwoord:

Moderne jazz

Moderne jazz = 1 punt

(1)

- 5.1.2 Noem die tipe komposisietegniek wat in die klavierparty voorkom.

Antwoord:

Ostinato/Riff

Sikliese harmoniese progressie

Enige korrekte antwoord = 1 punt

(1)

Speel Snit 25 EEN keer.

- 5.1.3 Noem EEN idiofoon wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord:

- Skutter/Ratel
- Simbaal/HiHat

Enige korrekte antwoord = 1 punt

(1)

Speel Snit 26 TWEE keer.

- 5.1.4 Noem 'n musiekkenmerk wat hierdie jazz-uittreksel tipies Suid-Afrikaans maak.

Antwoord:

- Tipiese Afrika-harmonie: afwisselende akkoorde I-II
- Perkussiewe gebruik van die klavier – mbira-invloed
- Tradisionele Afrika-ritmes op tromstel-toms gespeel
- Mbaqanga-styl-invloed
- Gebruik herhaling in die musiekmateriaal

Enige 1 korrekte antwoord = 1 punt

(1)

5.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 27 TWEE keer.

5.2.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse jazz-styl.

Antwoord:

- Kwêla
- Township jive
- Penniefluitjie-jive

Enige 1 korrekte antwoord = 1 punt

(1)

5.2.2 Gee TWEE redes, wat op die musiek betrekking het, om jou antwoord op VRAAG 5.2.1 te motiveer.

Antwoord:

- Herhalende aard van die opening-solo-melodie
- Saksofoon boots die penniefluit se klank na
- Skiffle-agtige pols
- Eenvoudige akkoordmatige begeleiding/strumming deur banjo/kitaar

Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

Speel Snit 28 EEN keer.

5.2.3 Beskryf die rol van die kitaar/banjo in hierdie uittreksel.

Antwoord:

- Ritmiese strumming/Ritmiese voortstuwing
- Akkoordbegeleiding/strumming dwarsdeur die uittreksel
- Handhaaf deurgaans die harmoniese siklus

- *Ritmiese funksie*
- *Begeleidingsfunksie*
- *Harmoniese funksie*

Enige 2 vir 2 punte

(2)

5.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 29 TWEE keer.

5.3.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse jazz-styl.

Antwoord:

Marabi

Marabi = 1 punt

(1)

- 5.3.2 Gee TWEE redes, wat op die musiek betrekking het, om jou antwoord op VRAAG 5.3.1 te motiveer.

Antwoord:

- Voortdurende herhaling van musiekmateriaal bo-oor 'n ritmiese ostinato (riff)
- Sikliese harmoniese progressie
- Mengsel van Westerse instrumentasie en Suid-Afrikaanse sangstyl
- Amerikaanse big band-invloed word in die saksofoon- en koperblaserseksies gehoor

Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

- 5.3.3 Noem EEN sanger wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

Antwoord:

- Dolly Rathebe
- Thandi Klaasen
- Miriam Makeba

Enige 1 korrekte antwoord = 1 punt

(1)

- 5.3.4 Noem die sanger in hierdie uittreksel se stemtipe.

Antwoord:

Alt

Alt = 1 punt

(1)

Speel Snit 30 EEN keer.

- 5.3.5 Merk TWEE items in KOLOM A wat verband hou met die musiek wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	Snit 30
Ragtime	
Inleiding	X
Trompet-improvisasie	
Instrumentale riffs	X
Soul Brothers	
Walking bass	X
Orrel	

Antwoord:

- Inleiding
- Instrumentale riffs
- Walking bass

1 punt vir elke korrekte antwoord = 2 punte

Indien 'n kandidaat meer as 2 kruisies maak, oorweeg slegs die eerste 2.

(2)

(16 ÷ 2)

[8]

TOTAAL AFDELING B: 12

OF**VRAAG 6: IAM**

6.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 31 TWEE keer.

- 6.1.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse styl. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Marabi	<input checked="" type="checkbox"/>	Malombo	<input checked="" type="checkbox"/>	Isicathamiya
--------	-------------------------------------	---------	-------------------------------------	--------------

Antwoord:

Malombo

Malombo = 1 punt

(1)

- 6.1.2 Identifiseer die aërofoon in hierdie uittreksel.

Antwoord:

Fluit

Fluit = 1 punt

(1)

- 6.1.3 Noem 'n kunstenaar wat met hierdie uittreksel geassosieer word.

Antwoord:

- Philip Tabane
- Sello Galane
- Mabu Thobejane
- Abi Cindi
- Julian Bahula

Enige korrekte antwoord = 1 punt

(1)

- 6.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 32 EEN keer.

- 6.2.1 Met watter tipe Afrika-lied assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Troulied	<input type="checkbox"/>	Werklied	<input checked="" type="checkbox"/>	Kinderlied	<input checked="" type="checkbox"/>	Begrafnislied	<input type="checkbox"/>
----------	--------------------------	----------	-------------------------------------	------------	-------------------------------------	---------------	--------------------------

Antwoord:

Kinderlied

Kinderlied = 1 punt

(1)

Speel Snit 33 EEN keer.

- 6.2.2 Met watter tipe Afrika-lied assosieer jy hierdie uittreksel?
Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Oorloglied	Vieringslied	Inisiasielielied	<input checked="" type="checkbox"/> Werklied
------------	--------------	------------------	--

Antwoord:

Werklied

Werklied = 1 punt

(1)

- 6.2.3 Luister na die volgende TWEE snitte wat twee keer na mekaar gespeel sal word. Voltooi die tabel hieronder. Identifiseer die stemtipe, komposisietegniek en slaginstrument in ELKE snit.

Speel Snit 34 en 35 TWEE keer na mekaar.

	Snit 34	Snit 35
Stemtipe	<ul style="list-style-type: none"> • Vroulike (mezzo) sopraan) • Vroulike solo en groep 	<ul style="list-style-type: none"> • Vroulike (mezzo) sopraan) • Vroulike solo en groep
Komposisie-tegniek	<ul style="list-style-type: none"> • Roep en antwoord • Herhaling 	<ul style="list-style-type: none"> • Roep en antwoord • Herhaling
Slaginstrument	<ul style="list-style-type: none"> • Skutter/Ratel • Mondfluit (Krepitasie) 	<ul style="list-style-type: none"> • Liggaamsperkussie (Handeklap)

1 antwoord per blokkie = 6 ÷ 2

(3)

- 6.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 36 EEN keer.

- 6.3.1 Noem die styl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord:

Isicathamiya

Isicathamiya = 1 punt

(1)

6.3.2 Gee TWEE redes, wat op die musiek betrekking het, om jou antwoord op VRAAG 6.3.1 te motiveer.

Antwoord:

- Koormatige sangstyl
- Lirieke in isiZulu
- Roep-en-antwoordsang tussen die leier en die groep
- A cappella

Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

Speel Snit 37 EEN keer.

6.3.3 Hierdie uittreksel stel die modernisering van 'n tradisionele, inheemse Afrika-styl voor. Beskryf EEN manier hoe die modernisering bereik is.

Antwoord:

- Begeleiding bygevoeg by tradisionele a cappella-styl
- 'Beat boxing' bygevoeg
- Vroulike solostem bygevoeg by 'n tradisionele mannekoor-opse
- Improvisasie deur vroulike stem
- Vermenging van style (Fusion)

Enige 1 korrekte antwoord = 1 punt

(1)

6.4 Luister na die volgende uittreksels. Noem die styl van elke uittreksel en vergelyk die verskil in tempo tussen die twee uittreksels.

Speel Snit 38 en 39 TWEE keer na mekaar.

	Snit 38	Snit 39
Styl	Vrye kiba	Maskandi
Tempo	Stadig	Matige vinnige tempo

*Styl: 1 x 2 = 2 punte
Tempo: 1 x 2 = 2 punte*

(16 ÷ 2) (4)
[8]

TOTAAL AFDELING B: **12**

AFDELING C: VORM**VRAAG 7**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 40 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

Luister na die verwerking van die *Habañera* deur Georges Bizet terwyl jy die partituur bestudeer.

Habañera

Georges Bizet

The musical score consists of five staves of music for two voices (soprano and bass) and piano. The score is in 2/4 time, mostly in G major (indicated by a treble clef and a C-sharp sign), with some sections in F major (indicated by a treble clef and a sharp sign). The vocal parts are written in soprano and bass clefs. The piano part is indicated by a bass clef and a treble clef. The score includes dynamic markings such as *p*, *pp*, *ff*, and *p*, as well as performance instructions like *rit.* and *3*. The vocal parts are mostly eighth-note patterns, while the piano part provides harmonic support with sustained notes and chords.

Speel Snit 40 weer.

7.1 Wat is die vorm van hierdie stuk?

Antwoord:

Tweeledige/AB/AAB

Tweeledige/AB-/AAB-vorm = 1 punt

(1)

7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.1 deur 'n skematische uiteensetting van die vorm van hierdie stuk te gee. Gebruik die tabel hieronder.

Antwoord:

Seksie	Maatnommers
A ✓	1 ¹ –18 ^{1a} ✓
B ✓	18 ^{1b} (19)–26 ✓

*1 punt vir elke korrekte seksie = 2 punte
½ punt vir elke korrekte maatnommer = 2 punte*

Alternatiewe

antwoord:

Seksie	Maatnommers
Inleiding	1–2 ¹
A ✓	2 ² –10 ¹ ✓
A ¹	10 ² –18 ^{1a}
B ✓	18 ^{1b} (19)–26 ✓

Vir merker:

Indien die maatnommers en seksiebenoeming nie ooreenstem nie sal slegs 'n ½ punt vir Seksie A en ½ punt vir Seksie B toegeken word word.

(4)

Speel Snit 40 weer.

7.3 Lewer kommentaar op die tonaliteit van hierdie stuk.

Antwoord:

- Twee toonsoorte: D mineur en D majeur
- D mineur en tonika-majeur word gebruik

D mineur = 1 punt + D majeur = 1 punt = 2 punte

OF

Slegs 'Twee toonsoorte' (parallel) verander van mineur na majeur = 2 punte

(2)

- 7.4 Watter EEN van die volgende terme beskryf die komposisietegniek wat in die basparty gebruik word? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Sinkopasie	Omkering	<input checked="" type="checkbox"/> Ostinato	Vergroting
------------	----------	--	------------

Antwoord:

Ostinato

<i>Ostinato = 1 mark</i>	(1)
--------------------------	-----

Speel Snit 40 'n laaste keer.	[8]
-------------------------------	-----

TOTAAL AFDELING C: 8
GROOTTOTAAL: 30